Storie wat die San vertel het van Heisib en die Volstruis

In die ou dae, toe die diere ook nog mense was, toe het die mense nog nie geweet van vuur nie. Hulle het hul kos rou geeet en in die donker geslaap. Net Volstruis het vuur geken, maar hy het dit geheim gehou en onder sy vlerk weggesteek.

Toe loop Heisib eendag in die veld, hy wat soos 'n boom lyk, hy wat die vorm het van 'n mens en 'n warrelwind en hy sien iets blink by die werf van Volstruis. Toe hy nader stap, sien hy Volstruis is besig om uintjies en veldkos te braai oor 'n vuur. Volstruis het hom ook van die braaikos gegee en dit was vir hom baie lekkerder as die rou kos wat hy by die huis eet.

Hy het huis toe gegaan en sy vrouens vertel van die vuur wat Volstruis het en die heerlike gaar kos. Hy het lank gedink hoe hy die vuur in die hande kan kry. Toe nooi hy Volstruis om by werf te kom dans.



Maar Volstruis dans versigtig. Hy hou al die tyd sy vlerk teen sy lyf vasgedruk met die vuur daaronder. "Dans tog lewendiger, Volstruis!" sê Heisib. "Hoe's jy dan so dooierig?" Maar Volstruis hou sy vlerk styf vasgedruk teen sy lyf. Hy is bang dat Heisib sy vuur sal vat. "Toe, Volstruis!" roep Heisib. "Jy is dan so 'n mooi man. Ek het jou spesiaal genooi sodat jy vir my vrouens kan wys hoe goed jy kan dans." Toe sprei Volstruis sy vlerke – en daar grys Heisib die vuur en hardloop daarmee weg.

Volstruis kon baie vinniger as Heisib hardloop en haal hom gou in. Volstruis was baie kwaad. Hy het vir Heisib geskop en op hom getrap. Heisib het soos 'n dooie bly lê. Toe Volstruis wegloop, staan hy op en hy is weer pure perd.



Toe het hy vir al die mense geleer hoe om vuur te maak, met 'n stokkie van 'n spesiale soort hout wat in 'n ander stokkie boor. Die boonste stokkie word vinnig gedraai sodat die vryf vonkies maak. As hy droë grassies of 'n ou voëlnessie bo-op pak, dan vlam dit op. So het hy al die mense van die vroeëtyd geleer om boorvuur te maak.